

Sing vooraf staande: Psalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1, 2 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Gebed

Psalm 146:2, 3 (p. 700)

- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE alleen bly wag.

Skriflesing: Jesaja 7:1-25

Kernverse: Jesaja 7:13-16

Toe sê hy: Luister tog, o huis van Dawid! Is dit vir julle nie genoeg om mense te vermoei, dat julle my God ook vermoei nie? Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem. Dikmelk en heuning sal hy eet as hy weet om te verwerp wat kwaad is en om te kies wat goed is. Want voordat die seuntjie weet om te verwerp wat kwaad

is en te kies wat goed is, sal die land vir wie se twee konings jy bang is, verlate wees.

(Jesaja 7:13-16 AFR53)

Tema: Immanuel – 'n teken tot oordeel en redding

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, mense wil graag tekens hê wat vir hulle sal aandui in watter koers hulle moet gaan of watter besluite hulle moet neem. Dit geld nie net vir sommige mense nie, maar vir almal – selfs vir gelowiges. Wanneer 'n gelowige voor 'n baie moeilike besluit te staan kom, gebeur dit soms dat hy wens die Here wil maar net 'n teken gee sodat hy seker kan wees watter kant toe die Here wil hê dat hy die besluit moet neem. Maar nou weet ons mos ook dat dit nie is hoe die Here normaalweg met ons werk nie. Hy gee nie 'n teken vir elke liewe ding waarvoor ons onseker is nie. Daarom moet 'n mens tog maar versigtig wees om sommer in enige ding wat jy teëkom een of ander teken te wil sien.

Wanneer ons egter terugdink in die geskiedenis herinner ons ons tog aan tekens wat die Here gegee het toe 'n gelowige daarna gevra het. Toe die Engel van die Here aan Gideon verskyn het en aan hom opdrag gegee het om as rigter vir Israel van die Midianiete te bevry, het hy tekens gevra en die Here het die tekens gegee. Nou moet ons egter nie Gideon se optrede die norm maak waarvolgens ons ook moet optree nie. Daar is twee dinge wat ons baie goed moet besef. Die eerste is: Gideon het in 'n tyd geleef toe die Israeliete keer op keer gedoen het wat reg is in hulle eie oë en die Woord van die Here nie so gereeld in Israel gehoor is nie. Die tweede is: Die Here het die tekens gegee om die waarheid van sy Woord vir Gideon te bevestig juis omdat die Here se Woord in daardie tyd so onbekend was.

Aan die begin van die profetetyd – dit is die tyd van Samuel tot Jesaja wat in die agtste eeu voor Christus opgetree het – het die Here nog by geleentheid tekens gegee om die waarheid van sy Woord te bevestig. Maar hoe nader ons aan die Nuwe-Testamentiese tyd kom hoe minder kere het die Here tekens gegee. Dit wil nie sê dat Hy glad nie tekens gegee het nie, maar wel minder.

In ons hoofstuk van vanoggend is dit egter nie die mens wat vir 'n teken vra nie, maar die Here wat die mens aansê om 'n teken van Hom te eis. En as koning Agas nie 'n teken van die Here wil eis nie, sê die Here dat Hy self 'n teken sal gee – die teken van Immanuel – 'n teken tot oordeel en redding. Oor die Immanuel-teken is daar uiteenlopende menings onder Skrifverklaarders. Wanneer ons dan vanoggend by hierdie hoofstuk stilstaan, wil ons agterkom waarom die Here hierdie teken gegee het en ons wil natuurlik weet wat die Heilige Gees vir ons met hierdie teken wil leer.

Broers, susters en kinders, kom ons luister aandagtig wat die Here hier aan ons openbaar. Uit die boek 2 Konings en 2 Kronieke verneem ons dat Agas maar pas twee jaar koning van Juda was toe koning Peka van Israel en koning Resin van Aram opgetrek het na Jerusalem om daarteen oorlog te voer. Hierdie koning Agas was 'n verskriklike mens. Ons lees die volgende oor hom:

Hy het nie gedoen wat reg is in die oë van die Here soos sy voorvader Dawid nie. Hy het die pad geloop van die konings van Israel en hy het selfs beelde van die Baäls laat giet. Hy het in Ben-Hinnomdal offerandes gebring en van sy kinders daar verbrand volgens die afskuwelike gebruik van die heidennasies wat deur die Here voor die Israeliete uit verdryf is. (2 Kronieke 28:1-3 AFR83)

So het hy opgetree nadat hy 'n pa en 'n oupa gehad het, koning Jotam en koning Ussia, van wie die Here sê dat hulle gedoen het wat reg is in die oë van die Here.

Afgesien van hierdie goddeloosheid wat in Jerusalem aan die gang was, moet ons ook nie die groter politieke prentjie uit die oog verloor nie. In hierdie stadium was Assirië met Nineve as sy hoofstad die groot opkomende wêreldmag. En soos wat 'n wêreldmag maar doen, het Assirië ook gedoen – hulle

het al meer en meer lande verower en hulle onderwerp. Die Arameërs – ook genoem die Siriërs – se hoofstad was Damaskus en Israel se hoofstad was Samaria. Hierdie twee lande se konings, Resin en Peka, het met mekaar 'n ooreenkoms gehad om saam weerstand te bied teen die Assiriërs. Hulle wou hê dat Agas deel sou word van hierdie ooreenkoms, maar hy wou nie.

Gedurende die eerste twee jaar van Agas se regering het Israel en Sirië oorlog gemaak teen Juda omdat Agas nie deel van die ooreenkoms wou word nie. Vanuit die Noorde het Israel groot gedeeltes van Juda oorwin en baie van sy inwoners weggevoer of doodgemaak. Die Siriërs het in die Suide van Juda groot welslae bereik. En intussen het die Edomiete en Filistyne soos twee klein keffertjies ook hulle kans waargeneem teen Juda. Na twee jaar was dit omtrent nog net Jerusalem en die nabygeleë gebied rondom Jerusalem wat nog nie deur die oorlog verwoes is nie. Wanneer Peka en Resin dan nou optrek om teen Jerusalem oorlog te maak, is dit om hulle bose plan uit te voer. Die Here maak hierdie plan deur Jesaja aan Agas bekend:

Laat ons optrek teen Juda en dit skrik aanjaag en dit vir ons verower en die seun van Tabeal daarvoor koning maak. (Jesaja 7:6 AFR53)

As die Here vir Jesaja na Agas toe stuur, sê Hy vir Jesaja:

Gaan tog uit, Agas tegemoet, jy en jou seun Sjejar Jasjub, ... en sê vir hom: 'Neem jou in ag en wees gerus; wees nie bevrees en laat jou hart nie week word oor hierdie twee rokende stukke brandhout nie. (Jesaja 7:3-4 AFR53).

Geliefdes, uit hierdie woorde van die Here tot by vers 9 hoor ons dat Hy Jesaja stuur om vir Agas moed in te praat, want Agas en sy volk se harte het aan die bewege gegaan toe hulle gehoor het van die komende oorlog. Die Here belowe dat Hy self Jerusalem sal beskerm. En as Agas dan dink: Maar kyk wat het oorgebly van die land Juda, is die teenwoordigheid van Jesaja se seun nog 'n verdere versekering dat die Here regtig vir Jerusalem sal beskerm. Die seun se naam is Sjejar Jasjub en dit beteken *'n oorblyfsel sal terugkeer*. Die Here self sal sorg dat daar 'n klein groepie getroue gelowiges oorbly – die heilige geslag van wie die Here in Jesaja 6:13 gepraat het.

Maar die woorde wat Jesaja tot Agas moet gaan spreek, is nie maar net om hom moed in te praat nie. Ons weet mos nou al dat Agas 'n ongelowige koning is. Dus is hierdie woorde van die Here ook daarop gerig dat Agas op die Here sal vertrou – sal vertrou dat die Here sal doen wat Hy gesê het. Die Here wil hê dat Agas hom sal bekeer van sy ongeloof en in die Here alleen sal glo. Die Here is so ernstig met hierdie oproep dat Agas hom moet bekeer dat Hy self vir Agas sê:

Eis vir jou 'n teken van die HERE jou God: sak diep af na die doderyk, of klim hoog op boontoe. (Jesaja 7:11 AFR53)

Broers, susters en kinders, die Here se besorgdheid oor mense is werklik groot. En as die Here mense deur sy Woord tot bekering roep, doen Hy dit met die grootste erns. Die Here speel nie as Hy mense tot bekering roep nie.

Ewe vroom het Agas op hierdie opdrag van die Here geantwoord: **Ek sal nie eis nie en die HERE nie versoek nie** (Jesaja 7:12 AFR53). Agas sê hierdie woorde sodat mense moet dink dat hy eerbied vir die Here het en nie die Here wil uittart nie. Hierdie woorde slaan op die woorde wat Moses tot die volk gespreek het in Deuteronomium 6:16: **Julle mag die HERE julle God nie versoek soos julle Hom by Massa versoek het nie** (Deuteronomium 6:16 AFR53). Toe die volk destyds dors gehad het, het hulle met Moses rusie gemaak omdat daar nie water vir hulle was nie en hulle het die Here versoek deur te vra: **Is die HERE in ons midde of nie?** (Eksodus 17:7 AFR53).

Agas speel toneel wanneer hy so gemaak vroom 'n antwoord gee. Die Here het mos self vir hom gesê om vir 'n teken te vra. Hy sou nie die Here versoek het as hy vir 'n teken gevra het nie. Maar met hierdie optrede vermoei hy die Here. Hy is opstandig en wil nie op die Here vertrou nie, want in sy agterkop het Agas klaar planne begin beraam om by Assirië hulp te gaan soek teen Peka en Resin.

Agas wil eerder in sy ongeloof op mense vertrou as om hom te bekeer en voluit op die Here te vertrou. Iemand het opgemerk dit is soos die muis wat die kat se hulp inroep teen die twee rotte wat hom terroriseer.

In die volgende woorde van Jesaja hoor ons hoe die Here Hom van Agas distansieer: **Luister tog, o huis van Dawid! Is dit vir julle nie genoeg om mense te vermoei, dat julle my God ook vermoei nie?** (Jesaja 7:13 AFR53). In vers 11 het Jesaja nog vir Agas gesê: **Eis vir jou 'n teken van die HERE jou God** (Jesaja 7:11 AFR53), maar nou praat hy van my God. As Agas dan nie 'n teken wil vra nie omdat hy nie in die Here glo nie, beteken dit nie dat die Here nie meer sal doen wat Hy wil doen nie. Die Here wil sy volk en sy stad beskerm en Agas se ongeloof sal dit nie kan keer nie.

Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem. (Jesaja 7:14 AFR53)

Vir Agas was hierdie teken so vaag en onbegryplik as wat kan kom, nie omdat die Here onduidelik praat nie. Nee, Agas se ongeloof het gemaak dat hy van hierdie profesie nie 'n woord verstaan het nie. Hy is dan die eerste een wat doof en blind geword het vir die Here se woorde soos die Here vir Jesaja gesê het om met die volk te maak:

Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof en hulle oë blind sodat hulle nie met hulle oë kan sien, met hulle ore hoor en met hulle verstand begryp en hulle hulle bekeer en genees word nie. (Jesaja 6:10 AFR83)

Die Here het hierdie teken nie net vir Agas gegee nie, maar vir die hele huis van Dawid.

Wat sê die Here met hierdie teken wat Hy vir die huis van Dawid gee? Die antwoord is in die naam van die kind – Immanuel – God met ons. Al wil Agas en die huis van Dawid die Here nie erken en hulle vertrou in Hom stel nie, sal Hy sy belofte en sy stad en sy mense beskerm. Hy sal met hulle wees, of hulle dit nou wil hê of nie. Hy sal sy belofte beskerm. Watter belofte? Die belofte wat Hy destyds aan Dawid gemaak het, naamlik dat Hy Dawid se huis en Dawid se koningskap sal bestendig tot in ewigheid; sy troon sal vasstaan tot in ewigheid. In weerwil van Agas en sy volk se ongeloof en hulle onwilligheid om op die Here te steun vir die verlossing sal God met sy volk wees en sy belofte aan Dawid bewaarheid. Hy sal vir hulle wat die Here versoek deur smalend te vra: **Is die HERE in ons midde of nie?** (Eksodus 17:7 AFR53), wys dat Hy *God met sy volk* is.

Vir Agas was hierdie teken 'n teken tot oordeel. Omdat Agas en sy volk hulle nie wil bekeer nie, maar eerder op Assirië staat maak om verlos te word, sê die Here:

Die HERE sal oor jou en jou volk en die huis van jou vader dae laat kom soos daar nie gekom het van die dag dat Efraim van Juda afgeval het nie – die koning van Assur! (Jesaja 7:17 AFR53)

Juis die een wie se hulp Agas gaan soek het, sal vernielsugtig deur die land trek. Die Here gaan die koning van Assirië soos 'n skeermes gebruik deur die land Juda. Van al die mooi van die land gaan daar niks oorbly nie. En diegene wat hulle nie wou bekeer nie sal beleef hoe erg die oordeel van die Here is. Die Assiriërs sal soos bye op hulle toesak en die Egiptenaars soos vlieë. Daar sal nie 'n plek wees waar hierdie oordeel van die Here die ongelowige mense van Juda nie sal tref nie. Hulle sal nie weet waar om te keer nie en daar sal ook nie wegkruipplek wees nie. Dit waarop die mens dan wil vertrou in die plek van die Here, sal jou op die uiteinde verteer. Hierdie dinge het gebeur in die tyd toe Hiskia, die seun van Agas, koning in Jerusalem was.

Maar hierdie profesie is nie toe eers vervul of gedeeltelik vervul nie. Reeds in Agas se eie leeftyd het die Here al begin om hierdie profesie van Immanuel te vervul. Omtrent vier jaar nadat Jesaja hierdie profesie uitgespreek het, het die Here gewys dat Hy *God met ons* is, want koning Resin van Sirië is toe deur die koning van Assirië oorrompel en doodgemaak. En tien jaar nadat Damaskus in die hande van die Assiriërs geval het, het Samaria in die hande van die Assiriërs geval en die Israëliete

is deur hulle in ballingskap weggevoer. Agas het dit nog gesien, maar omdat hy nie wou glo nie, was die Immanuel-teken vir hom 'n teken tot oordeel.

Die Immanuel-teken wat die Here gegee het, was al in Jesaja se tyd 'n teken tot redding. Die Here het 'n oorblyfsel van sy volk behoue laat bly. Hierdie oorblyfsel is onder andere die jong vrou wat haar eerstelingseun Immanuel genoem het. Met hierdie naam het sy bely dat God met hulle is. **Want voordat die seuntjie weet om te verwerp wat kwaad is en te kies wat goed is, sal die land vir wie se twee konings jy bang is, verlate wees** (Jesaja 7:16 AFR53) het die Here gesê. En dit was so. Peka is vermoor en Hosea het in sy plek koning in Samaria geword en Resin se ryk is deur die Assiriërs ingesluk.

En te midde van die oordeel wat die Here deur Assirië oor Juda sal bring, sal Hy genade betoon. Ons lees:

En in dié dag sal 'n man 'n koei en 'n paar skape in die lewe hou; en weens die oorfloed van melk wat hulle gee, sal hy dikmelk eet; want dikmelk en heuning sal almal eet wat in die land oorgebly het. (Jesaja 7:21-22 AFR53)

Vir hierdie oorblyfsel in die land was die teken van Immanuel 'n teken tot redding. Hulle het God vertrou en op Hom gesteun vir hulle uitkoms en Hy het dit aan hulle gegee. Hulle het nie omgekom toe die skeermes van Assirië oor die land geskeer het nie. Hulle het wel nie 'n weelderige oorfloed oorgehou nie, net maar 'n koei en 'n paar skape. Tog was dit genoeg om te oorleef met die oorfloed melk en heuning.

Broers, susters en kinders, vir ons wat vandag lewe en wat grootgeword het met die Woord van die Here, is dit tog duidelik dat hierdie enkele vervullings van die profesie van Jesaja nie die enigste was nie. Ons weet dat die Heilige Gees vir Matteus gelei het om te kon raaksien dat die geboorte van Jesus Christus die eintlike vervulling is van hierdie profesie. Jesus Christus is die Seun wat die maagd in die wêreld gebring het nadat sy swanger geword het onder die kragtige werking van die Heilige Gees. Jesus Christus is waarlik Immanuel – God met ons. Dit is tog opmerklik dat Jesaja 'n woord gebruik het toe hy die profesie uitgespreek het wat vertaal kan word met *jongvrou* en *maagd* terwyl daar 'n ander Hebreeuse woord is wat net met *maagd* vertaal kan word. Deurdadig dat hy daardie spesifieke woord gebruik het, lei die Heilige Gees ons om te verstaan dat Matteus nie 'n fout gemaak het om dié profesie op Jesus Christus toe te pas nie.

En in Jesus Christus sien ons hoe God sy beloftes enduit volhou. Die belofte wat Hy aan Dawid gemaak het oor sy koningskap en sy troon word in Christus bewaarheid. Jesus is die ware Koning uit die nageslag van Dawid en aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie. Hy is ons ewige Koning en Hy regeer ons deur sy Gees en Woord.

Jesus Christus is ook die eintlike Immanuel – God met ons. Hy is die Seun van God wat deur die werking van die Heilige Gees die vlees en bloed van 'n mens uit die maagd Maria aangeneem het om as die mens Jesus gebore te word. In weerwil van die Jode se ongeloof en onwilligheid om op die Here te vertrou, wys Hy dat Hy *God met ons* is. Hy is die een wat hulle verlos wat op Hom alleen steun.

Tot vandag toe bly die teken van Immanuel 'n teken tot oordeel en tot redding. Vir baie mense bly Jesus steeds 'n steen des aanstoots. Hierdie mense wil nie hulle verlossing by God soek nie, want hulle meen dat hulle nie verlossing nodig het nie. Dit is die mense wat sê dat hulle goeie mense is en tot dusver nog goed genoeg sonder die Here en sy kerk en Woord klaarkom. Hulle wil nie in die Here glo nie. Hulle maak op hulleself en op hulle eie vermoëns staat. Vir hierdie mense geld die woorde wat die heilige Petrus geskryf het: **'n klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp. Hulle struikel omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is. So het God dit ook vir hulle bestem** (1 Petrus 2:8 AFR83). Die Immanuel-teken is vir hulle tot oordeel. Want die dag wanneer ons

Here Jesus op die wolke verskyn om oor lewendes en dooies te oordeel, sal hulle hulleself te pletter loop teen sy oordeel.

En in die komende dae gaan ons hierdie mense in hulle hordes sien. Dit is hulle vir wie die feesseisoen van Desember net gaan oor die joligheid en plesier. Dit is hulle wat koer oor alles wat blink is, maar nie die kruis raaksien nie, want hulle neem aanstoot daaraan.

Maar dan is daar die oorblyfsel van die Here. Dit is die enkelinge wat die vasstaande waarheid van die Here se Woord koester en hulle vertrou voluit op Jesus Christus stel. Dit is die enkele mense wat weet dat hulle in hulleself swak, ellendige, sondaarmense is en hulle verdien eintlik die oordeel van die Here. Maar ondanks die feit dat hulle gewete hulle daagliks herinner dat hulle swaar en menigmaal teen al God se gebooie oortree het, verseker die Heilige Gees hulle dat die regverdige God Jesus Christus se geregtigheid en gehoorsaamheid aan hulle geskenk het. Hulle glo dit met hulle hele hart omdat die Gees aan hulle die geloof daartoe geskenk het.

Hierdie mense is ook bly en lag in hierdie feesseisoen van Desember. Maar hulle vreugde is nie vasgevang in die blink van hierdie wêreld nie; dis die gevolg van die skitterwit kleed waarmee die Heilige Gees hulle bedek sodat hulle gereed kan wees vir die bruilofsmaal van die Lam. Die skitterwit kleed is die daad van geregtigheid wat hulle in gehoorsaamheid aan hulle ewige Koning verrig omdat Hy hulle verlos het.

Geliefdes, ons is mos van hierdie oorblyfsel van die Here. Ons stel mos ons vertrou in Jesus Christus, die Seun van God. Kom ons vier fees en wees bly omdat God met ons is in sy Gees en Woord. Maar kom ons wees ook voorbereid en gereed, want na Desember se feesseisoen is die blink van hierdie wêreld verdof. En die mense wat net die lig van hierdie wêreldse blink in die oë gehad het, sal weer in die sloergang van die lewe verval. Kom ons wees gereed om dan die ewige vreugde van Immanuel – God met ons – aan hulle te verkondig. Wie weet hoeveel van hulle is ook nog eintlik deel van die oorblyfsel omdat God hulle uitverkies het?

Amen!

Slotgebed

Psalm 66:1, 2 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 Desember 2012